*Saterdag* **19 Julie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 34 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 34:10**

**’n Profeet groter as Moses wat die uittog vir die wêreld bewerk**

Die laaste hoofstuk van ’n boek hou gewoonlik iets van finaliteit en afsluiting in. Die toesprake is gemaak, die preek is gepreek, die lied is gesing. Al wat oorbly is dat Moses afskeid neem en die verhoog verlaat, wat hy doen deur ’n berg te klim. Na al die donker hoofstukke van vloeke, uitdagings, waarskuwings en voorspellings hou die afsluiting van Deuteronomium eerder vir ons hoop en troos in.

Moses se laaste woorde is ’n belydenislied oor God se liefde en verlossing (33:27-29), maar die laaste woorde van die boek behoort nie aan Moses nie. Dit sluit af met Moses op die berg, sy begrafnis, sterwe en opvolger. Dan die woorde: *“Daar het nie weer ’n profeet soos Moses in Israel opgestaan nie. Die Here het hom van aangesig tot aangesig geken.”* Nadat die hele boek vertel van God se onvergelykbare karakter, optrede, mag en heerlikheid, sluit dit af met Moses se onvergelykbare optrede as profeet.

Die finaliteit kan ons voel. Moses het God se volk gelei op ’n onvergelykbare manier. Wie sal weer soos Moses wees? Die finaliteit word egter gebreek wanneer ons Moses se bergbestyging sien deur God se oë. Oë wat verder kyk, wat uitsien na daardie dag wanneer Moses, die dienaar van God, uiteindelik op ’n ander berg sou staan. Hierdie keer in gesprek met ’n Profeet groter as hyself (Luk. 9:28-31). Terwyl Moses ’n dienskneg van die huisgesin van God was, was die komende profeet ’n seun, Jesus Christus (Heb. 3:1-6), wat die groot uittog vir Israel en vir die wêreld sou bewerkstellig.

Die einde van die boek hou vir ons hoop in. Hoop wat op elke bladsy van ons lewensboeke geskryf is. Die groot Profeet, die Dienskneg van die Here het gesterwe sodat ons die lewe by God mag hê.

*Sing: Psalm 147-1:1, 2, 5*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)*